

Doendinge vir Afrikaans

Nuusbrief van die Vriende van Afrikaans
Jaargang 15, Nummer 4, Desember 2011

Doendinge vir Afrikaans
NUUSBRIEF

Amanda de Stadler
Redakteur

Phia van der Westhuizen
Administrasie

Nolte Smit
Medewerker

Milano Drukkers
Bladuitleg en drukwerk

Kantoorsake

Johan Combrink-gedenklesing: Prof Jonathan Jansen, die rektor van die Universiteit van die Vrystaat, het sy afspraak met ons kanselleer omdat hy in Februarie 2012 op 'n oorsese besoek sal wees. Ons sal julle laat weet sodra daar ander reëlings in plek is.

'n Penmaat in Marseille: Brigitte Barrus soek Afrikaanssprekendes wat vir haar wil skryf sodat sy Afrikaans nog beter kan bemeester. Sy het haarself sonder enige hulp leer Afrikaans praat en skryf (sy is dus 'n outididak) en verdien ons hulp! Haar adres is Mlle Brigitte Barrus, Les Trois Lucs, 32, traverse du Grand Valla, 13012 Marseille, France.

ALGEMENE INLIGTING

Straatadres:

Banghoekweg 115, Stellenbosch
7600

Posadres:

Posbus 3256, MATIELAND 7602

Telefoon:

021-808 3744 / 3745

Faksnommer:

086 617 1287

E-posadres:

vvaf@sun.ac.za

Webtuiste:

www.vriendevanafrikaans.co.za

Bank:

NEDBANK, Stellenbosch

Rekeningnaam: Vriende van
Afrikaans

Rekeningnommer: 1071 318 578

Takkode: 10-71-10

**Nie-winsgewende
organisasie:**

042-640-NPO

Dankie aan Biblionef: ons bedank graag vir Jean Williams van Biblionef wat ons gehelp het om 'n plaasbiblioteek op Avoca naby Franskraal te begin. Alwyn en Alet Naude het 'n vertrek beskikbaar gestel met 'n bibliotekaris (Bettie) sodat die plaaswerkers en hulle gesinne voortaan boeke binne hulle bereik het. Dankie aan Hannes Mentz wat die proses bemiddel het.

Soweto-tak: Dankie aan Ed en Barbara Coombe wat 'n stel leesboekies aan ons tak in Gauteng geskenk het en ook aan Charl Cillie wat 'n finansiële bydrae gemaak het. Dit sal mnr Victor Khambule help om sy onderrigtaak nog beter te kan doen.

Posbushernuwingskennisgewings: dié van julle wat gevra het vir Afrikaanse posbushernuwingskennisgewings het seker opgelet dat die aanhef van die rekening in Afrikaans is, maar die res van die vorm sowel as die adres steeds net Engels is. Dit is waar ons nou na 5 jaar is met hierdie veldtog. Volgens die voorgestelde SA Talewet sal staatsdepartemente nie meer eentalig Engels mag wees nie. Al wat ons kan doen is om volgehoue druk toe te pas en aan te hou aandring op Afrikaans, oral waar ons beweeg.

LEES BINNE:

BI 3: Die ensiklopediese webwerf met baie pit!

BI 5: Borg 'n woord

BI 7: Boekenuus

BI 8: Geskiedenis deur die oë van 'n kind



Ek groet ...

deur Phia van der Westhuizen

My lewe het sewe en 'n half jaar gelede op 'n verrassende manier verander. Heeltemal onverwags het my paadjie met die Vriende van Afrikaans gekruis.

Dit was 'n leersame en vreugdevolle tydperk in my lewe. Ek het die leefwêreld van die Afrikaanse taal betree en mense leer ken wat lief is vir Afrikaans.

Wat het ek geleer in hierdie tyd? Die leefwêreld van Afrikaans het vir my oopgegaan, ek was bevoorreg om mee te werk aan die stigting van die ATR en het opnuut besef dat ons 'n wonderlike taal het wat bewaar en gekoester moet word.

Bowenal het ek geleer dat klein dingetjies 'n verskil maak.

Ek het wonderlike mense in hierdie tyd ontmoet en wil vir almal dankie sê vir die verskil wat julle aan my lewe gemaak het. Amanda, jy was 'n wonderlike mentor en bly steeds 'n ware vriendin.

Ek en my man verhuis ná meer as dertig jaar op Stellenbosch na ons plaas op Bonnievale. Ek belowe om ook daar 'n ware Vriend van Afrikaans te wees!

Ek sê totsiens, maar gelukkig nie vaarwel nie.

Ons groet Phia

Ons wens Phia en haar man, Pieter, alle voorspoed toe met 'n nuwe begin daar op Pieter se geboorte grond in Bonnievale se wêreld. Ons is jaloers dat hulle elke oggend tussen die wingerde gaan wakker word en ontbyt gaan eet op hulle stoep met 'n uitsig op die berge. (Om alles te kroon het Pieter vir Phia 'n buitelig-stort gebou sodat sy onder die sterreheemel oor die vallei kan uitkyk terwyl die warm water haar masseer!)

Hier in die kantoor gaan ons Phia se vrolike oggendgroet en lekker humorsin mis. Haar deeglikheid, toewyding, werklus en affandelingsvermoë maak van haar 'n unieke mens van wie ons met groot hartseer afskeid neem.

'n Groot dankie aan Pieter dat hy altyd gewillig was om ons dom vrae oor die rekenaar te antwoord en tot ons redding te kom, altyd met groot geduld.

Ons weet Phia en Pieter gaan 'n groot sukses maak van heerlike nuwe uitdagings en af en toe vir ons 'n botteltjie van die vrug van hulle arbeid bring, of hoe?

Phia, jou voetspoor hier in die kantoor van die VVA sal ons elke dag aan jou laat dink. Mooi loop!

Amanda en die Spitsraad

Taaltoffies

Vergroot jou woordeskat

1. Wat is 'n outodidak?
2. Wat is sluikhandel?
3. Gee 'n ander woord (of die Engels) vir 'n pastinaak

Bohaai – waar kom hierdie woord vandaan?

Vroeër is gemeen dat die woord in die Bataafse hawens deur die Nederlandse matrose by die Javane gehoor is. Dié het naamlik as hulle 'n krokodil sien almal gewaarsku deur die Maleise naam van die reptiel, *bohéa* of *bohaya* of *boewaja* luid uit te roep. Dit was 'n vergissing omdat die woord in 1573 in Nederlands opgeteken is, dus voor die reise na die Ooste. Uit ander dialekte en tale is dit duidelik dat dit bloot die koppeling van twee tussenwerpsels is, naamlik *boe* en *ha* wat gebruik is om iemand skrik te maak. Die woord is later ook gebruik vir “drukte, rumoer, geraas, onnodige geskreue.”
(Uit Anton F Prinsloo se *Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom*, uitgegee deur Pharos)

Vra Vriendelik vir Afrikaans

My sê

Amanda de Stadler, van *Vriende van Afrikaans sê haar sê.*

So aan die einde van die ou jaar dink mens onwillekeurig aan wat die afgelope jaar by die VVA gebeur het. Van die hoogtepunte is die VVA se deelname aan die eerste konferensie oor die status van isiXhosa – 'n groot mylpaal vir een van ons inheemsetaalmaats.

Ons woordelys, *Basic Afrikaans*, saam met die WAT, het in Maart verskyn. Aanduidings is dat dit met groot vrug gebruik sal kan word onder nie Afrikaanstalige eerstejaarstudente en eerstegenerasie-studente (dit is studente wat nie familieledede het wat al op universiteit was nie).

Dit het baie goed gegaan met ons Koop-'n-Afrikaanse-boekdag in Augustus en ons hoop om voort te bou op die suksesse, met julle almal se hulp.

Dit gaan baie goed met ons voorleesuur vir voorskoolse kinders, 'n projek wat ons saam met die ATKV aangepak het.

Danksy skenkings kon ons aan meer as 30 skole en instansies boeke uitdeel vanjaar. Op hierdie manier is boeke binne die bereik van etlike honderde volwassenes en veral kinders geplaas.

Wat het al hierdie dinge waarmee die VVA hom danksy julle ondersteuning besig hou, in gemeen? Ons probeer om Afrikaanssprekendes aan te moedig om te lees of om aan ander toegang tot boeke te gee deur boeke te skenk, voor te lees of plaasbiblioteke te begin.

In die tweede plek werk ons met ander taalgroepe saam om taalhoudings te verander, om mense trots te maak op hulle taal en op taalregte op te eis.

Derdens het ons ook probeer om met die klein woordelys studente welkom te laat voel in 'n Afrikaanse omgewing en om hulle positief te stem jeens Afrikaans.

Ons werk vir die volgende jaar is vir ons uitgeknipt. Ons moet elkeen in ons klein omgewing werk aan die taalhoudings van kinders en volwassenes. Ons sal Afrikaans moet koester, gebruik en uitbou op alle terreine om afskaling en taalverskuiwings te probeer stuit.

In dieselfde asem mag ons niks vir ons opeis wat ons nie vir ander gun nie. Ons moet ons kinders, familie en vriende aanmoedig om daadwerklik te help bou aan veeltaligheid om te verhoed dat ons land verarm word tot net nog 'n eentalig Engelse land met miljoene mense wat nie in hulle eerste taal kan leef, lees en leer nie. Baie dankie vir alles wat julle reeds in hierdie verband doen.

Vra Vriendelik vir Afrikaans

WWW.MIELIESTRONK.COM

DIE ENSIKLOPEDIËSE WEBWERF MET BAIE PIT!

Willie Kuhn van Kaapstad vestig opnuut ons aandag op hierdie ensiklopediese webwerf wat hierdie jaar al 10 jaar op die wêreldwye web is. Hy skryf:

As kinders / kleinkinders / agterkleinkinders / vriende se kinders / kleinkinders ens. opvoedkundige materiaal in Afrikaans soek, hiermee 'n aanbeveling:

'n Oud-kollega het jare lank *Huisgenoot* se opvoedkundige materiaal vir skole ontwikkel. Van julle het tien teen een van daardie artikels uitgeskeur omdat kinders dit vir skooltake nodig gehad het. Die kollega het 'n uiters kreatiewe slag met taal, en het die vermoë om wetenskaplike idees eenvoudig oor te dra sodat die kennis-soektog opwindend word. Derduisende DVD's van die materiaal is al verkoop, en dit is ook in verskeie boeke gebundel.

Die kollega se naam is Goethe Olwagen, maar natuurlik noem almal hom Ollie.

Nou die goeie nuus. Hy het oor die jare eiehandig 'n webwerf ontwikkel waar ek glo al sy materiaal beskikbaar is. Die webadres is www.mieliestronk.com. Dit is 'n verstommende goudmyn van inligting. Selfs julle sal ure en dae daar kan verwy. En alles in die heerlikste Afrikaans. Gaan kyk gerus. Ek glo so 'n poging in Afrikaans verdien ondersteuning.

(Ek stem saam! Dis 'n wonderlike webwerf in die keurigste Afrikaans vol opwindende inligting. Baie dankie, Ollie, en geluk met die tiende verjaardag. –AdeS)

Twansie

Oom Dirk Ruping vra uit die Kalahari of ons die woord "twansie" ken. Gelukkig is die slim leksikograwe van die WAT ons bure en Tanja Hartevelde gee die volgende uitleg:

Daar is verskeie kaartjies oor "twansie" in die kluis van die WAT. Dit beteken die volgende:

- 1) uitsak, agter raak, ingee, moeg wees (die beste twansie)
- 2) sterwe
- 3) stukkende klere
- 4) op wees (die gare is twansie)

Soms word hierdie dialektiese woord wel neergeskryf, soos byvoorbeeld hier:

KODDIGE mense... dis nou party blommekykers. Natuurlik is almal... nou ja, welkom. Die Namakwalanders moet darem ook iets hê om oor te lag, soos oor die lywige tante wat met 'n pyntrek op haar gesig en haaiolvaais wat dreig om te twansie voetpad-langs sukkel om die plate gousblom te bewonder. (<http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2007/09/08/BY/7/Blommekyk-378.html>)

Ons het selfs 'n verwysing na Jan Spies, wat in 'n boek gepraat het van "die kas het getwansie" (die kas het gebreek).

Mooi Afrikaans op die Montagu-pas by George



'N VERSOEK VAN DIE OORLOGSMUSEUM VAN DIE BOEREREPUBLIEKE IN BLOEMFONTEIN

Johan van Zyl verskaf die volgende inligting:

Die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke beskik oor 'n goeie navorsingsbiblioteek wat plaaslik sowel as internasionaal inligting voorsien aan navorsers oor die Anglo-Boereoorlog. Vele van die jongste publikasies rondom die Anglo-Boereoorlog wat onlangs verskyn het, se navorsing is vanuit die biblioteek gedoen.

Dit is egter so dat die museum sy biblioteekversameling aanvul met publikasies d.m.v. skenkings en goedgunstige bydraes deur skrywers wat 'n kopië aan die museum skenk indien hulle van die biblioteek se bronne gebruik maak. Die afgelope agt jaar is daar egter weinig nuwe publikasies bygevoeg wat oor die Anglo-Boereoorlog handel. Die museum streef egter daarna om sy publikasies t.o.v. die Anglo-Boereoorlog so volledig as moontlik te maak en minstens twee kopië van elke publikasie te bekom. Ons is ook in besit van besondere Africana in die versameling.

Die museum is ook in die proses om sy biblioteek, soos die res van die versameling, binne die volgende twee jaar op internet beskikbaar te maak aan die publiek. Natuurlik is dit nog 'n lang pad en baie duur, maar ons het reeds daarmee begin.

Ons het 'n besondere biblioteek wat ons gratis beskikbaar stel vir navorsers. Uit die bronne het ons oor jare datalyste saamgestel van persone wat by die oorlog betrokke was danksy dié soort boeke. Sien op ons tuisblad, www.anglo-boer.co.za ons lysie van Kaapse Rebelle, Krygsgevangenes, ens. Ander lysie volg eersdaags.

Graag verneem die Oorlogsmuseum of lesers die museum behulpsaam kan wees om die biblioteekversameling uit te brei deur boeke, tydskrifte en pamflette of met geldelike bydraes. Van tyd tot tyd verskyn daar ook besondere boeke op veilings wat handel oor die Anglo-Boereoorlog en waarvan die museum nie 'n kopië het nie. Daar kan ook lesers wees wat in besit is van boeke oor die Anglo-Boereoorlog wat hulle aan die museum wil skenk. Hulle kan my by die volgende adres kontak: jvanzyl@anglo-boer.co.za of 051 447 3447/051 447 0079.

Vra Vriendelik vir Afrikaans

BORG 'N WOORD

Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal het op 16 Oktober 2011 weer sy veldtog Borg 'n Woord geloods waarin 'n ABSA Bank-belegging van R25 000 gewen kan word. Deelnemers aan Borg 'n Woord kan enige Afrikaanse woord of woorde teen R100 per woord borg. Teen R5 000 per woord behoort daardie woord egter slegs aan jou en niemand anders mag die bepaalde woord borg nie. Die ondersteunende kunstenaar vanjaar is Charlene Truter en sy sê: "As TV-aanbieder ervaar ek dat die inspirasie soms maar laag loop. Daarom het ek waardering vir die WAT, wat ware woorde in ons monde sit. Borg asseblief 'n woord!" Kontak die WAT by 021 8873113 of wat@sun.ac.za, of gaan na www.wat.co.za en klik op Borg 'n Woord vir meer inligting en jy kan dalk R25 000 wen. Elke deelnemer ontvang 'n sertifikaat met die woorde wat hy of sy borg.

David Kramer, ook 'n vriend van die WAT, het verlede jaar die veldtog ondersteun toe woorde ter waarde van R430 000 geborg is. Die meeste woorde is deur mnr. Chris Otto van Stellenbosch geborg. Hy het aangebied om al die krieketterme in die WAT te borg en moes toe pa staan vir 220 terme vir 'n totaal van R22 000! Hoërskool Gimnasium in die Paarl is die skool wat die meeste woorde geborg het, nl. 159 wat deur leerders, onderwysers, ouers en oudleerlinge uitgekies is.

Die skool wat vanjaar die meeste woorde borg, ontvang die volgende: 'n span kenners van die WAT kom bied 'n werkwinkel in die gebruik van die Elektroniese WAT by die skool aan; onderwysers word ook touwys gemaak in die gebruik van die Elektroniese WAT in hul Afrikaans-onderrig, en die Elektroniese WAT word gratis op die skool se netwerk geïnstalleer.

Max du Preez, wat onlangs in 'n relletjie oor sy gebruik van die woord maaifoedie was, het besluit om einste maaifoedie, karnallie, swernoot en booswig te borg. Nog 'n skrywer wat van haar laat hoor het, is Riana Scheepers. Sy borg tien woorde waarvan ag uit die titels van haar boeke kom en twee van hulle woorde is waarmee sy haar geliefde (haar man Johann Loubser) assosieer. Dié twee woorde is haar verjaarsdag- geskenk aan hom! Die ag woorde uit die titels van haar boeke wat sy borg is vuur, storie, heiden, huis, feeks, katvoet, karmosyn en engel. Karoo en skerpioen is haar man se verjaarsdag-

geskenk.

Sandra Botha, SA se ambassadeur in Praag, en haar man Andries het in Junie reeds laat blyk dat hulle vanjaar die woord wordenaar wil borg. Dit is die woord waarmee Neil Rademan homself beskryf het tydens sy optrede by Het Festival voor het Afrikaans in Junie vanjaar in Amsterdam. Dr. Willem Botha was daar en na Rademan se optrede het die Bothas aan dr. Botha gesê dat hulle wordenaar in die volgende rondte van Borg 'n Woord wil borg.

Mnr. Callie Burger is oorspronklik van Namakwaland en wil graag 'n woord uit sy kinderdae borg, nl. heutjieheu en was verheug dat dit in die WAT opgeneem is met meer as tien wisselvorme, nl. hekejee, hekiejee, heukieheu, heutjieheu, heutjehie, heutjihu, hiekiehee, huidjie-eenasem, huidjeeeenderm, huidjiehee, huitjieheu, huitjihu, hutjie-eenasem, hutjeeeenderm, hutjiehee, hutjehie, hutjihu, huutjiehee, huutjihu. 'n Heutjieheu is 'n blaasopspringkaan wat veral in die Wes-Kaap voorkom en meestal op bossies gevind word lekker kan raas.

Marius van Wyk borg dit twee woorde "noppies" en "snoet" vir sy dogtertjie Annabé omdat dit vir haar van kleintyd af baie snaaks is. Hy skryf: "Sy sal vir altyd trots en in haar noppies wees" dat hierdie woorde nou hare is.

Kontak dr. W.F. Botha, Hoofredakteur en Uitvoerende Direkteur, WAT by 021997 3113 of gaan na www.wat.co.za

Vriende van Afrikaans ...

Lewenstank en Daarna

Oor baie jare het die Vriende van Afrikaans bewys gelewer dat hulle die Afrikaanse taal op elke moontlike wyse bewaar en bevorder. Deur net elke dag Afrikaans te praat, is jy onbewustelik ook 'n goeie vriend van Afrikaans!

Hierdie vriendskap kan na ons sterwe voortgesit word deur 'n bemaking in die jou testament aan die Vriende van Afrikaans. Doen dit sonder versuim. Elke bemaking, hoe beskeie ookal, help om Afrikaans te bevorder.

Navrae in die verband kan gedoen word by ons kantoor.

(Belastingregistrasienommer: 042-640-NPO)

Taknuus

KLEINMOND HOU LIEDJIESAAND

Kleinmond se Vriende van Afrikaans het op 11 Augustus, tydens die Afrikaansweek, 'n baie aangename Afrikaanse liedjiesaand vir die gemeenskap gereël.

Drie van ons plaaslike jong sangkunstenaars nl. Sedrick Taljaard, Karien Venter en Janine Coetzee het die aand opgetree. Hulle het gewilde, kontemporêre Afrikaanse liedere gesing soos o.a. die immergewilde *Lisa se Klavier* van Koos Kombuis, *Kinders van die Wind* van Koos du Plessis en *Jantjie* van Anton Goosen. Die kunstenaars se optrede is afgewissel met samesang van die gehoor, wat meer tuis was met die goue oues soos *Vaal ou Karooland* en duidelik hulp nodig gehad het van die jonger sangers om *Pampoens* van Steve Hofmeyr se melodie baas te raak.

Die koue wintersaand is afgesluit met 'n lekker koppie warm sop en toebroodjies. Soos ek as kind sou gesê het: Dit was vreeslik lekker!

Hannes Smit

Vriende van Afrikaans, Kleinmond

AFRIKAANS IN SOSHANGUVE

Afrikaans is springlewendig en sterk aan die groei by die Tshwane Universiteit van Technologie (TUT) se Soshanguve kampus noord van Pretoria.

In 2009 het die eerste groep eerstejaarstudente wat Afrikaans as een van twee toegepaste tale vir die diploma en graad in Taalpraktyk (Language Practice) neem, hier begin. Hulle neem Afrikaans vir drie jaar in die diploma en vir nog 'n vierde jaar om die BTech graad te behaal. Die studente is volgens hulle dosent, dr. Susanne Harper, baie entoesiasies en geniet die taal. Hulle leer onder andere van die geskiedenis van Afrikaans, verskillende taalvariëteite en bemeester idome en idiomatiese taalgebruik. Hulle geniet ook uitstappies, opedae en spesiale geleenthede soos Moedertaaldag en Vertaaldag baie. Hulle praat lekker 'n hond uit 'n bos en sing graag Afrikaanse liedjies. 'n Uitstappie na die Taalmonument en –taalmuseum word vir die

Vir die Kerskous: 'n Afrikaanse t-hemp vir die kleinding

Bestel 'n t-hempie vir jou kind of kleinkind met 'n pragtige Afrikaanse versie soos die volgende daarop gedruk:

Ek is 'n japie van die plaas
Ek saai en werk, ek oes en ry
Ek wens ek kan vir altyd net
In die voetspore van my pappa bly

Vang vir jou 'n vlinder
En hou hom saggies vas
Droom die mooiste drome
Wat by 'n vlinder pas

Enkel dienkel dalie kind
Hardloop soos die wilde wind
Hier gedraai en daar geswaai
En binne-in my hart gewaai

My pappa ry 'n vier-by-vier
My mamma kook en sing
My boetie is 'n warrelwind
Ek doen my eie ding

Ek hou van goed met wiele
Rugbyballe en reptiele
Pappase groot seun; weet jy wat
Ek bly maar net my mase skat

Die hempies kos R90 elk en kom in blou, groen, pienk, stone en grys. Bestel by Juliana Rossouw by juliana@filaflooi.co.za of gaan kyk op haar webwerf by www.filaflooi.co.za vir nog ander produkte.

derdejaars in die vooruitsig gestel wanneer al die studente in die Taalpraktyk derdejaargroep later vanjaar Kaapstad besoek.

Viva Afrikaans in Soshanguve!



Boekenuus

'n Boek om lang paaie mee kort te maak

Monumentale Erfenis verskyn binnekort by KONTAK-UITGEWERS. Die gedagte agter hierdie ringgebinde boek is dat dit 'n soort reisgenoot sal wees wat altyd byderhand is in die motor en al die nodige inligting oor 50 monument verskaf. Daar sal op elke bladsy ruimte wees vir eie aantekeninge en foto's. Ons hoop dat hierdie boek mense sal lus maak om ons monumente te besoek en dat dit veral die jeug sal inspireer om in ons geskiedenis belang te stel. Die projek word aangepak in samewerking met die Erfenisstigting, onder redaksie van prof Jackie Grobler van UP. Die verkoopsprys is R120, en die boek sal by alle goeie boekhandelaars beskikbaar wees. Vir verdere besonderhede kontak Isabel de Nysschen by 012 807 0434.

Afrikaans in die ruimte


Proff. Jan du Plessis en Christo Viljoen sorg met die *Woordeboek van Ruimtetterminologie* waarvan hulle die redakteurs was dat Afrikaans nou een van 20 tale is met 'n woordeboek van ruimte-terminologie. Die woordeboek (Engels/Afrikaans en Afrikaans/Engels) is onlangs deur die Internasionale Akademie van Ruimtevaart (IAA) bekend gestel.

Die Burger van 6 Oktober 2011 het berig dat dr. Peter Martinez, voorsitter van die plaaslike reëlingskomitee van die Internasionale Ruimtevaartkongres, die leiding geneem het om die woordeboek die lig te laat sien. Hy het gesê dit is belangrik omdat talle mense in die ruimtebedryf in Suid-Afrika Afrikaanssprekend is. Suid-Afrika was glo ook die eerste land in Afrika wat sy werk aan die woordeboek betyds afgehandel het.

Die woordeboek bestaan uit 3 500 terme en wanneer iemand die lys elektronies gebruik, kan die vertaling van die woord ook in enige van die ander tale gekry word en daar kan gemaklik van die een taal na die ander taal beweeg word. Die elektroniese woordeboek is gratis en kan óf aanlyn gebruik word óf op 'n rekenaar gebêre word.

Die elektroniese weergawe sal binnekort aanlyn beskikbaar wees by www.iaaweb.org.

Die Afrikaanse gemeenskap is baie dank aan die twee professore verskuldig wat hierdie nuwe, steeds uitdyende woordeskaf vir ons as taalgebruikers opgeskryf het. Ons eer hulle daarvoor. (-AdeS uit *Die Burger* van 6 Okt 2011)



'n Bosboek: Duisend dae langs die Sabie deur Hennie van Deventer

Hennie van Deventer se jongste boekie, *Duisend dae langs die Sabie*, het pas verskyn by sy private uitgewerytjie Tarlehoet. Hierdie bosboek se voorganger in dieselfde trant was *Buurman van die Wildtuin* (Tarlehoet 2004), wat nogal goed gevaar het. Sedertdien is *Byl in my Bos* en *Praat-praat in Tamatiestraat* (albei Griffel Media) gepubliseer

Duisend dae langs die Sabie bevat 'n kleurryke weergawe van 'n duisend dae se herinneringe aan die skrywer se bosplek, Sabiepark, karaktervolle klein buur-reservaat van die grote Krugerwildtuin. Die skrywer het 35 bosvakansies in 12 jaar daar agter die rug.

Sabiepark is 'n soort "laaste paradys" waar eienaars elke dag op onomheinde erwe met wild – ook roofdiere – paaie kruis. Die lewe is avontuurlik en opwindend. Luiperds klouter op jou stoep. Hiënas kom snuffel by jou vuurtjie. Olifante en leeus sorg vir allerlei opskuddings. Sulke intieme interaksie tussen mens en dier sorg vir wonderlike bos-wedervarings – ook allerlei penaries en verleenthede.

Sabiepark is al netjies beskryf as die enigste plek waar 'n mens afgeneem kan word saam met elke dier wat jy sien. In *Duisend dae* is inderdaad 'n 70-stuks uitsonderlike private foto's wat dit bewys.

Dit bevat ook hoofstukke oor die sentrale Krugerwildtuin met heelwat wenke oor roetes, piekniekplekke en kampe. Kontak Hennie van Deventer by hvandeventer@mweb.co.za of 083 252 8165 vir direkte navrae. Die boekie is by sekere boekwinkels (Protea, Exclusive, Wordsworth) en by al die wildtuinwinkels ook beskikbaar.

Mondelinge oorleweringprojek deur leerders van Hoërskool Wellington

Geskiedenis deur die oë van die kind

As deel van 'n opvoedkundige projek van die Afrikaanse Taalmuseum, het Hoërskool Wellington se graad 11-geskiedenisklasse die mondelinge oorlewering van hul dorp opgeteken. Hierdie opnames is verwerk tot 'n reisende uitstalling wat op nasionale Erfenisdag, op 24 September, by die Afrikaanse Taalmuseum in die Paarl bekendgestel is.

Die geleentheid, wat deur onderburgemeester Conrad Poole geopen is, is deur genooide gaste, waaronder OBOS-vertegenwoordigers, opvoeders, leerders en belangstellendes, bygewoon.

Die kurator van die museum, Catherine Snel, het tydens die opening gesê: “Deur hierdie projek word die stories van die gemeenskap nou vertel deur die oë van die kind. Mondelinge oorlewering gee ons juis 'n geleentheid om meer te leer van ons verlede en dit as 't ware te herontdek. Daardeur word ons geskiedenis nou meer inklusief, omdat dit ook vir minderheidsgroepe 'n platform skep om hul stem te laat hoor.”

Die projek het reeds in Maart vanjaar afgeskop toe Snel 'n driedaagse mondelinge oorlewering-werkswinkel vir die onderskeie klasse aangebied het. Die werkswinkel het gehandel oor die konsep en belangrikheid van mondelinge oorlewering, hoe hierdie erfenis bewaar kan word, asook oor die prosesse van onderhoudvoering.

Die leerders het gedurende die Junie-vakansie hulle navorsing gedoen, wat verskeie temas ingesluit het, waaronder die skool se geskiedenis (akademie en sport); mense wat 'n verskil gemaak het binne en buite die Wellingtonse gemeenskap; belangrike historiese gebeure; akademiese instellings; sportsterre; musiek (plaaslike groepe, individue en kerkgroepe); en kuns en kultuur.

Die uitstalling is tans by Hoërskool Wellington te sien en sal oor die volgende paar maande reis na museums en skole in die omgewing.

Die leerders het inligting ingewin oor hulle skool se geskiedenis deur te praat met oudskoolhoofde, oudleerders en 'n algemene werker, mnr Koopman. Hulle het ook inligting versamel oor invloedryke persoonlikhede soos bv. mnr Herman Bailey, voormalige burgemeester van Wellington, Wynland

Distriksraad en Drakenstein Munisipaliteit. Verder het hulle die geskiedenis van plekke, terreine en geboue gaan naspur, soos die woonbuurt Mbekweni en die St. Albans-skool.

Die twintigtal leerders wat aan die projek deelgeneem het, kan baie trots wees op hulle werk. Wie weet, dalk kom daar eendag 'n groot historikus uit hierdie groepie. Een ding is seker, van nou af sal hulle met ander oë na die geskiedenis en hulle omgewing kyk.

Navrae kan gerig word aan Catherine Snel by kurator@taalmuseum.co.za of 021 8723441.



Floumakoue en Pronkpoue

Pronkpou aan De Stomme Jonge

'n Leser laat weet uit Stellenbosch:

Woensdagaand met die opening van die beelduitstalling in ons dorp het ons by die nuwe roosterkoekrestaurantjie, De Stomme Jonge, in Ryneveldstraat gaan eet. Dit is 'n heerlike knus plekkie en die spyskaart is geheel en al in Afrikaans. Toe een van die eentalige Ingelse vra vir 'n Ingelse spyskaart toe antwoord die kelner: “as mens in Frankryk is, is die spyskaarte in Frans en Italiaans in Italië, maar ek sal graag die geregte verduidelik”. Die Ingelsman moes toe maar vir lief neem met die Afrikaanse taal. Die geregte het ook baie interessantste name. Hierdie plekkie verdien om ondersteun te word.

Laerskool Stellenbosch Redenaarsfees

Dié Redenaarsfees het in 2009 ontstaan om saam te val het met die veertigste verjaardagviering van die Laerskool Stellenbosch. Die Vriende van Afrikaans was van die begin af betrokke by hierdie wonderlike projek waar laerskoolleerders die geleentheid kry om hulle slag te wys en voor 'n gehoor op te tree. Sewe ander skole (Laerskool Stellenbosch, Mikro, Lochnerhof, Hendrik Louw, Eikestad, Gimnasium en De Kuilen) word jaarliks genooi om deel te neem met vier leerders elk uit grade 4 – 7. Dieselfde riglyne word gevolg as wat geld vir ATKV-kompetisies.

Die Vriende van Afrikaans skenk die kontantpryse vir die top drie sprekers in elke afdeling. Elke leerder ontvang ook 'n sertifikaat vir deelname.

Om hierdie geleentheid elke jaar te kan bywoon is voorwaar 'n belewenis. Die selfvertroue van die leerders, die moed om voor 'n gehoor te kan optree en hul sê te kan sê, gee mens 'n warm gevoel om die hart. Dankie Laerskool Stellenbosch vir hierdie puik projek! (-Phia van der Westhuizen)



*Marli van Niekerk en Janneke van Zyl
was van die prysweners*

'n Groot Guns

Kan jy asseblief met enige betaling wat jy aan ons kantoor maak, jouself duidelik identifiseer asook waarvoor die betaling is? Dit sal die wêreld vir Phia baie makliker maak.
Baie dankie!

Dinge om te doen in 2012

1. Net een mens is nodig om 'n verskil te maak.
2. Vyf vriendinne kan om die beurt stories gaan lees by plaaslike kleuterskole.
3. Versamel ou tydskrifte en neem dit na skole, ouetehuse en siekes.
4. Koop een boek per jaar vir 'n plaaslike skool.
5. Word 'n kontakpersoon van die VVA en deel ons nuusbriewe vier keer per jaar uit.
6. Kry een kind in jou leeftyd aan die lees deur die regte boeke vir hom/haar in die hand te gee.
7. Stuur vir ons taalnuus uit jou omgewing.
8. Bedank instansies wat Afrikaans respekteer en gebruik.
9. Bied aan om die spyskaart van jou gunsteling-restaurant Afrikaans-vriendelik te maak.
10. Vra Afrikaanse diens by staatsdepartemente. Vriendelike, volgehoue druk is nodig. Onthou, die taalkeuse is selde die mens agter die toonbank se skuld.
11. Hou 'n "Een-boek-per-gesin-aand" saam met vriende of by jou skool. Laat elke gesin wat die aand bywoon, een boek uit hulle huis bring. Gee dan die boeke vir 'n instansie wat dit sal benut.
12. Begin 'n plaasbiblioteek. Al wat nodig is, is boeke, 'n toesluitrommel of –vertrek en 'n verantwoordelike persoon.
13. Begin 'n storieleesuur by jou huis, by die plaaslike biblioteek of kleuterskool.

Taaltoffie - Oplossing


1. Iemand wat bepaalde intellektuele of ander vaardighede deur selfstudie en sonder formele opleiding bekom
2. Smokkelhandel, smokkelary
3. Witwortel (Engels: parsnip)

Aan die einde van 2011

Met hierdie kersverse uit die digbundel **Kersverse** sluit ons 2011 af:

Besoekpunt

Vader Krismis met sy bangmaakbaard
het vroegsomeraand
op die dak geland
maar waar's sy slee?
of helikopter?
wil wyd-oog Willempie-Wouter weet
en waarom gooi hy
vir ouma soene
dra hy oupa
se Dr Watson-skoene?



(Marius Ackerman)

In die Klein Karoo

In die Klein Karoo
help dit nie veel
om jou 'n wit Kersfees te verbeeld
as 'n warrelwind tussen bossies waai
vlugvoetig met stoffies tiekiedraai.



Dit moes toentertyd net so warm wees
as ons van herders in oop velde lees.

(Alet van Heerden)

Uitgee deur die Woordgilde wat gekontak
kan word by 012 329 0709 of
info@pierneefteater.co.za.

**Mag al ons lesers hierdie feesseisoen vrede
en sielerus ervaar.**

Laat weet ons asseblief van enige adres-
veranderinge, en ook as jy die nuusbrief liever
per e-pos wil ontvang. As jy sou wou, kan jy
Doendinge gerus dupliseer en verder versprei.

SMS-kodes vir seniors

Die kinders het mos hul SMS-kodes - soos
BFF, WTF, LOL ens. So, hier is sms-kodes vir
seniors:

- BDD - By die Dokter
- BVSB - By Vriend se Begrafnis
- BDR - Bring die Rystoel
- KWS - Kry Weer Sooilbrand
- SG - Skryf Groter
- MWG - Maag Werk Goed
- IJGA - Is Jou Gehoortoestel Aangeskakel?
- MGPBL - Moet Gaan, Pasaangeër se Battery Laag
- MGPBW - Moet Gaan Purgasie Begin Werk
- WPEA - Wat Praat Ek Alles?
- WWW - Waar Was ek nou Weer?

KOOPDINGE in AFRIKAANS

Die volgende items is by die kantoor
te koop:

- 1 CD: Ou Vriende** (Dubbelalbum)
van Afrikaanse kunstenaars en
kore teen R100.00
- 2 Boek: Dae uit ons Geskiedenis**
teen R230.00
- 3 Voetslaankaart van Tafelberg**
teen R20.00
- 4 Pieter van der Westhuizen
Huldigingsbundel** (277 pp.
bladmusiek van gewyde musiek)
teen R160.00
- 5 DVD: Die Leeu van Wes-
Transvaal - Generaal Koos de la
Rey** ('n dokumentêr) teen R100.00
- 6 CD: Vespers van Rachmaninof
in Afrikaans** teen R120.00
- 7 Basic Afrikaans - the top 1 000
words and phrases** teen R99.95.

(R20.00 per bestelling moet ongelukkig gehef word
vir posgeld en verpakking.)